# LESSE UIT DIE KERKGESKIEDENIS VIR ONS IN SUID-AFRIKA

Het God vir ons 'n antwoord op die knellende vraag of ons 'n toekoms in Suid-Afrika het? Ons wat die Weg van God in die Here Jesus Christus gevind het? Oor ons eindbestemming het ons geen twyfel nie. Tereg hou ons daaraan vas dat Hy ons nie in ons vaderland aan onsself oorgelaat het nie. En, uit die (kerk) geskiedenis het ons toe gaan probeer aflees hoe Hy ons alhier sal behou. Ons het tot die oortuiging gekom dat Hy ons, die blankes, en by name die Afrikaners, hierheen gebring het t.w.v. die evangelie EN dat Hy ons as volk hier sal behou as ons aan hierdie roeping getrou bly.

Om so afleidings uit die kerkgeskiedenis te maak, is misleidend. Veral as die Skrif daarvoor aangehaal word. Dan loop jy gevaar om jou eie sin en begeerte daarin te lê en as Godswoord voor te hou. Dan word die Skrif met die Kerkgeskiedenis aangevul, soos die Rooms-Katolieke tradisie en Kerk dit doen. Maar die kerkgeskiedenis is ook nie sonder betekenis en lering nie. God begin nie elke keer weer voor met die Nuwe Testamentiese model van die kerk nie, soos 'n sekteleier dit inklee en die Heilige Gees as getuie daarvoor oproep. Die kerkgeskiedenis het sin ten spyte daarvan dat Goethe dit afmaak met die eensydige opmerking: "Dit is een stuk dwaling." Ten spyte van die moderne teoloë wat by die kerkgeskiedenis verbygaan om vanuit hulle eie tyd uitgangspunte te vind.

Die lesse van die kerkgeskiedenis is inderdaad nie sonder meer duidelik nie.

Dit is verwarrend vir diegene wat nie rekening hou nie met die feit dat die kerkgeskiedenis met die Skrif begin, en die Skrif die openbaring van God EN sy Wil is. Die Skrif wys daarop dat die kerkgeskiedenis nie oorskat of onderskat moet word nie. As Jesus Sy dissipels voorberei om hulle roeping in die kerk te gaan vervul, sê Hy "die Gees van die Waarheid" sou eers kom om hulle "in die hele waarheid" te lei. "Hy", so beklemtoon Hy dit, "sal nie uit Homself spreek nie, maar alles wat Hy hoor, sal Hy spreek en die toekomstige dinge aan julle verkondig. Hy sal My verheerlik, omdat Hy dit sal neem uit wat aan My behoort, en aan julle verkondig." (Joh 16:13–14). Die Heilige Gees klaar die Skrif vir ons uit en die kerkgeskiedenis dui sy lering aan.

Omdat die Heilige Gees voortgaande die kerk uit die Woord van God leer, en die kerk voortgaande behoefte daaraan het om sy geloof te bely, het die belydenisskrifte tot stand gekom. Hulle is die belangrikste en kosbaarste lesse van die kerkgeskiedenis. En, om die misleiding van die kerkgeskiedenis teë te gaan, dring ons gereformeerde belydenis daarop aan om die kerk voortgaande te hervorm, na die eis van die Skrif.

Baie van hierdie belydenisskrifte dateer uit tye toe gelowiges se voortbestaan bedreig of onseker was. Die opvallende en insiggewende van die gereformeerde belydenis is hoe God voorop staan en oorneem en die gelowige betrokke is. Terwyl hulle Hom bely, is dit Hy wat met hulle besig is. As Heer. En hierdie Heer laat nie Sy kinders aan hulleself oor en onseker oor hulle toekoms nie. Ook nie vir ons in Suid-Afrika nie. Omdat Hy besig is om in die geskiedenis Sy koninskap oor Sy skepping op te eis en Sy koninkryk laat kom (vgl. Matt 3:2; 4:17; 1 Kor 15:25). Omdat God genadig is en ons betrek om weer in verhouding tot Hom in Sy Skepping as koningskinders tereg te kom. Dit is die boodskap van Sy Kerk wat Hy in die geskiedenis na vore laat kom het, op weg stuur en onderhou.

Na die begin van die kerkgeskiedenis word in die Skrif verwys. Die beweging kom op gang na die bestel van die verrese Jesus, wat as "Koning van die Jode" gekruisig is en op die punt was om ten hemel te vaar. As hulle Heer word Sy dissipels, as Sy apostels, Sy gesante, aangesê om die nasies onder Sy heerskappy te bring. "Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels. Doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees. Leer hulle om alles te onderhou wat ek julle beveel het." (Matt. 28:19–20a). Op die weg wat Hy hulle stuur, gaan Hy self saam. "En onthou," so verseker Hy hulle, "Ek is met julle al die dae tot die voleinding van die wêreld." (Matt 28:20b). Soos Hy hulle beloof het, ontvang hulle dan die krag (Hd. 1:8) op die Pinksterfees om Sy opdrag te begin uitvoer en sy teenwoordigheid te belewe (Hd. 2:1–13). In die

**"Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld." (Hand. 1:8)**

prediking en die voorgang van die apostels neem dit in aanvang. Onder die leiding van die Heilige Gees word die gebeure van die geskiedenis uitgeklaar met verwysing na die openbaring van God. Petrus verwys na die Skrif om te leer, te verkondig, en getuig dat God Jesus van Nasaret "aangewys" of "bekend gestel" het (Hd.2:22). Volgens "die voorkennis van God" is Hy deur die hande van goddelose manne geneem en gekruisig en



*Prof. Brown wys daarop dat ons moet waak teen verkeerde afleidings vanuit die kerkgeskiedenis.*

omgebring; Hom het God opgewek, nadat Hy die smarte van die dood ontbind het; omdat dit onmoontlik was dat Hy daardeur vasgehou sou word. (Hd.2:23–24). "Hierdie Jesus het God opgewek" (Hd. 2:32), en Hom in die lyn van die koninskap van Dawid verhoog, om Hom aan Sy regterhand te laat sit (Hd. 2:34–35).

Met 'n passie is die vooruitsegging van die Here opgevolg, nl. dat die Evangelie van die Koninkryk verkondig sal word "in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies, en dan sal die einde kom," (Matt 24:14). Noord-Afrika het vroeg hierdie getuienis gehoor en sy kerkgeskiedenis het 'n besondere les vir ons in Suid-Afrika. Op pad gestuur, het Filippus 'n "amptenaar wat 'n hoë pos beklee het aan die hof van die . . . koningin van Etiopië (tans die Sudan) teëgekom en "die evangelie oor Jesus" vir hom uitgelê en verkondig. Hy is "gedoop" en het sy reis met blydskap voortgesit (Hd. 8:26, 35, 38, 40). Daar is geen aanduiding dat die kerk in sy land voortgang gekry het nie. Volgens oorlewering het Markus die evangelie na Aleksandrië, die kosmopolitiese stad van Noord-Afrika, uitgedra. Ook in die Romeins-beheerde Kartago en omgewing kom die kerk op dreef. Sedert die tweede eeu het invloedryke skole in hierdie twee stede hulle laat geld. En tog het die Moslems die talryke kerke van Noord-Afrika in die 7de eeu ondergeloop. Waarom het dit dan gebeur? Waarom is dit slegs in Etiopië, gekersten deur die sendelinge Frumentius en Edesius in die 4de eeu, dat die kerk standgehou het? Oor die beantwoording van hierdie vraag verskil kerkhistorici. Baie wyt dit aan die feit dat die kerk in Noord-Afrika slegs 'n koloniale aanhangsel was en nie inheems geword het nie. Dit was ingedra sonder om in te burger. Dit het nooit oorgekom en ingang gevind in die idioom van die mens in Afrika uit Afrika nie. Daarenteen het die Etiopiër die kerk so in sy kultuur opgeneem dat dit vervreem is van sy eie verband en Skriftuurlike wese. In Afrika is begin stry oor die geloof. In Klein Asië is die stryd in 'n reeks sinodes besleg. In Afrika is die uiteenlopende menings nie versoen nie. Ten spyte van uitstaande teoloë wat hier en elders leiding gegee het. Ten spyte daarvan dat "een heilige, algemene en apostoliese Kerk" bely is.

God moes voor met Afrika begin. Vanuit Europa is die Evangelie eers weer na baie eeue in Sentraal- en Suid-Afrika ingedra. In hierdie Europese kerk was dit veral Karel die Grote, die koning van die Franke, die latere Franse, wat die kerk help vestig het. En die Franse kerk sou later ons eie kerk help vestig. Aktief-georiënteerde kerke het onder die Europese nasies tot stand gekom. Hierdie ontwikkeling of beïnvloeding en deurwerking van die evangelie, noem H. Berkhof die sekularisasie, of bevryding van die natuur- en stamgebonde mens. Deur die Evangelie het hy 'n eindbestemming in die geskiedenis gevind en het sy kultuuropdrag sin gekry.

Maar die aktivisme van die Westerse samelewing en kerk het die koningskap van God in Christus in die gedrang gebring. Aan die heerskappy van God onderwerp die mens hom nie maklik nie – veral die Europeër wat ewe-eens deur die rasionalisme van die Griekse kultuur beïnvloed is en 'n rustelose natuur het. In sy ywer om die heerskappy van God op aarde te realiseer, het die Biskop van Rome hom nie gehou aan die uitgangspunte van die Skrif nie. Hy het daarop aanspraak gemaak dat hy die stadshouer van Christus op aarde is en aan goeie werke in belang van die kerk verdienste verbind. Daardeur is die alleenheerskappy en genade van God pouslik oorheers en die gelowige aan onsekerheid uitgelewer. Dit het die toegewyde monnik Maarten Luther so intens belewe. In die Skrif het hy weer die Weg tot God, die genade van 'n hemelse Vader, en die versekering van die geloof gevind. Daarvolgens is hy



*Prof. Brown onderstreep die belangrike bydrae van die kerkvader Johannes Calvyn wat op hierdie afbeelding verskyn.*

gelei om die kerk te hervorm. Dit was die Fransman, Johannes Calvyn, wat vanuit die Skrif en met verwysing na die kerkgeskiedenis die Christelike geloof gaan deurdink en in belang van die hervorming van die kerk gestel het. Sy koning sou hom vir hierdie Skrifgebonde standpunt nie leer nie. Buite sy vaderland, vanuit Genève, het sy gereformeerde siening wêreldwyd uitgekring. In sekerlik een van die aangrypendste belydenisskrifte het Zacharias Ursinus en Caspar Olevanius dit in die Heidelbergse Kategismus verwoord. Daarin word die les uit die kerkgeskiedenis en die belydenis oor die "heilige, algemene Christelike Kerk" bevestig, nl. "Dat die Seun van God uit die ganse menslike geslag vir hom 'n gemeente wat tot die ewige lewe uitverkies is deur Sy Gees en Woord, in die eenheid van die ware geloof, van die begin v an die wêreld af tot aan die einde toe vergader, beskerm en onderhou, en dat ek daarvan 'n lewende lid is en ewig sal bly" (Sondag 21, vraag 54). Gedurende vervolging, toe die onmiddellike toekoms van die gereformeerde gelowige in die weegskaal was, het hy sy versekering in die genade en uitverkiesing van God behou. Saam met die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Dordtse Leerreëls is hierdie belydenisskrif saamgebring na die Kaap die Goeie Hoop. Deur die Gees en die Woord het die Seun van God ook hier voortgegaan om sy Kerk byeen te bring. Vanuit Frankryk het Hy vervolgde gereformeerde gelowiges byeengebring. Soos in Bybelse tye het die Franse Hugenote hulle vaderland en volksverband prysgegee t.w.v. hulle geloof. Hulle het Christus as Heer, soos Sy woord en Gees dit uitspel, vooropgestel en gehelp om 'n inheemse volk alhier voort te bring.

Ondertussen het die Franse Kerk onrusbarend agteruitgegaan. Ook die kerke van die Hugenote wat in Frankryk aangebly het, het hulle getuienis grootliks ingeboet. Waarom? Sommige vind die rede in die feit dat soveel heidense gebruike en bygeloof onder die Christene voortgeleef het. Ander vind die rede in die vereenselwing van die kerk met die Franse konings wat hulle magsposisie misbruik het – ten koste van Christus wat hulle voorgegee het om as Heer te erken, en ten koste van die volk, wat hulle wou laat verstaan hulle in naam van God regeer. Die hervorming van die 16de eeu is onderdruk, maar 'n revolusie aan die einde van die 15de eeu is nie voorkom nie. Sekularisasie het oorgegaan in sekularisme. 'n Omswaai, of liewer verwording van die Christelike bevryding na 'n rasionalistiese aanspraak op vryheid, het plaasgevind. Nie meer Christus is Here van die lewe en denke nie. Die mens neem vir homself waar, in sy gewaande eie-geregtigheid.

Wat beteken dit alles vir ons? Uit die lering van die kerkgeskiedenis is God se genade ons versekering, soos wat Hy dit aan Sy Gees en Woord verbind. Sy genade is genoeg vir hulle wat Hom na die openbaring van Sy Woord en Gees as Koning vooropstel. As Koning gaan Hy hulle voor en sal Hy hulle behou. Hy doen dit in Sy Kerk waarin Hy hulle roep om die koms van Sy koninkryk te bevorder. Aan ons roeping mag ons dan ook nooit twyfel nie. Dit is sy opdrag aan ons, die opdrag waarmee hy ons vereer. Oor die vraag of Hy ons volk deur die kerk gaan behou, gee die kerkgeskiedenis nie 'n aanduiding nie. Uit die kerkgeskiedenis is dit egter duidelik dat Hy Sy gelowiges gebruik in belang van die land en volk waarmee Hy hulle verbind. En, om hierdie taak te vervul, moet dit 'n kerk wees vir die land en vir die volk. Nooit kan dit 'n kerk VAN die volk van 'n land wees nie. Daar is slegs een Heer vir die Kerk. Hy moet Heer bly as die kerk in 'n land en onder 'n volk wil bly en die seën van die Here in daardie land en vir daardie volk wil verseker.

**PROF. E. BROWN**